

PG du Plessis  
gesels oor Tolla,  
Jan Spies en  
Ollie Viljoen  
– Bl. 9



Reëls ingewikkeld en onverstaanbaar

## ‘Ons belange nie beskerm’

Diskoers. Erfurthuis. 9 Maart.

Verbruikers in Suid-Afrika se belange en regte word ondanks die omvattende Verbruikersbeskermingswet van 2008 nie behoorlik beskerm nie weens die operasionele disfunksionaliteit van die kantoor van die Nasionale Verbruikerskommissaris.

So het ’n voormalige dekaan van die Universiteit van Stellenbosch se regs fakulteit en kontrakteregkenner, prof. Gerhard Lubbe, gister in die eerste van die week se Beste Professor-diskoersgesprekke by die Woordfees gesê.

Hy was voor ’n byna vol saal in gesprek met prof. Andreas van Wyk, voormalige rektor van die US, oor die vraag “Wat is die Verbruikerswet werklik werd?”

Lubbe het verwys na president John F. Kennedy se uitspraak oor wie dan die verbruiker sou wees, dat dit “almal van ons is” wie se behoeftes in ’n komplekse samelewing vervul moet word.

Deur middel van kontrakte wat ons daagliks met dienslewerers sluit, selfs al is dit net om ’n parkeerkaartjie uit die beheerpunt by die lughawe te neem, is verbruikers onderhewig aan ’n dikwels ingewikkelde en selfs onverstaanbare stel reëls en beginsels wat ons meestal nie eers behoorlik lees of begryp nie.

Verbruikers het egter keuses by die sluit van kontrakte om die beste bedeling vir hulself te beding, want as selfoonmaatskappy A jou byvoorbeeld nie tevrede stel nie, kan jy jou wend tot diensverskaffers B en C.

Lubbe het op ’n vraag van Van Wyk daarop gewys mense het dikwels ’n verkeerde begrip van hul eie vermoë om kontrakte na te kom. Die invloed van bemerking en die feit dat die individu nie in staat is – en dikwels versuim – om die fynskrif in kontrakte te lees, is baie sterk en veroorsaak dat die

## Coke-kaskenades



Die rocksanger Francois van Coke tree môre om 13:00 by die Protea Hotel Tegnopark op. Kaartjies kos R60, of R120 met ’n ligte ete ingesluit. Hy het gister ook ’n konsert in De Vette Mossel gehou. Lees die storie op bl. 9. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

speelveld nie gelyk is tussen maatskappye en verbruikers nie.

Volgens Lubbe bevat Artikel 49 van die Verbruikersbeskermingswet die duidelike beginsel dat die fynskrif in kontrakte in toeganklike taal onder die verbruiker se aandag gebring moet word. Foefies soos dat die fynskrif in grys gedruk word terwyl jou eie biografiese besonderhede in swart in ’n kontrak verskyn, is deur ’n lid van die gehoor bevraagteken.

Wat sou dan die uitweg vir verbruikers wees is in die lig van die onbekostigbaarheid van hofsake? Sal die Nasionale Verbruikerskom-

“

**Groot maatskappye het ook meer mag om individue se kwesbaarheid tot hul voordeel aan te wend.**

missie werklik kan toesig hou oor verbruikers se regte soos vervat in die wet?

Lubbe het beklemtoon die wet maak voorsiening vir administratiewe en voorkomende beheer en dat klagtes na ’n tribunaal verwys kan word wat remedieë kan beveel ná ’n ondersoek.

Verbruikers kan hulle in die meeste gevalle ook nie direk tot die

hof as eerste stap wend nie maar moet eers die bestaande kanale aanwend om klagtes aan te spreek en op te los. Die vraag bly hoe kry jy die verbruiker en die dienste- en goedereverskaffer gelyk? Die operasionele ondoeltreffendheid van die Verbruikerskommissie veroorsaak dat dit dikwels nie as eerste stap gebruik kan word nie. Sektore in die sakewêreld het hul

eie meganismes soos ’n ombudstelsel geskep om klagtes van verbruikers te hanteer.

Op ’n vraag uit die gehoor of die staat en regeringsorganisasies onder die Verbruikerswet aanspreeklik gehou kan word vir swak dienslewering, het Lubbe en Van Wyk ja geantwoord en as voorbeeld genoem hoe universiteite aanpassings in hul diensverskaffing moes maak om by die vereistes van die wet aan te pas. Dit geld alle transaksies, ook wat dienslewering, inligting, vermaak en ander vorme betref.

– George Claassen



Gevierde skrywer Marguerite Poland is terug met ’n aangrypende verhaal oor lig en verlies in

## DIE BEWAKER

Nou beskikbaar in winkels en as ’n eBoek



Penguin  
Random House  
South Africa

" SY VANG DIE WOORDE  
IN HAAR NET  
SLYP HAAR WOORDE  
TEEN DIE ROTS  
SY BAK HAAR WOORDE  
IN DIE VUUR  
EN DIE NOORDEWIND KOM  
EN HAAR WOORDE WAAI VER  
HAAR WOORDE WORD SAAD  
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,  
BOORD VAN NOORDE

### Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en  
bittermooi lirieke van onder andere  
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,  
Koos Kombuis en Francois van Coke.  
Die 2015 Sanlam Musiekfees, 6-15 Maart.

[www.sanlam.co.za/sponsorships](http://www.sanlam.co.za/sponsorships)



Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

in trotse samewerking met

WOW


WOW

# Gr. 3's ontmoet Fanie

WOW-skrywersfees Gr. 3.  
Van der Stel-saal. 9 Maart.

‘B’oeke is soos Red Bull: Dit gee jou verbeelding vlerke.” So het die skrywer Fanie Viljoen gister gesê tydens die WOW-skrywersdag vir Gr. 3-leerlinge. Kinders van sewe verskillende skole het Viljoen se karakter uit *Slym en die towertapyt* ontmoet. Slym is die eerste wurm wat in ’n paddakonsert gesing het.

Charmaine Abrahamse, onderwyseres by Lynedoch Primêr, sê die WOW-projek beteken baie vir hulle skool, aangesien leerders deur hierdie geleentheid aangemoedig word om te lees. As juffrou is sy soms “meer nuuskierig oor wat met karakters gaan gebeur,” het sy laggend erken. Viljoen het die kinders gevra om hulle verbeelding te aktiveer deur hul ogies toe te maak. Vir hom is dit die “lekkerste werk in die wêreld” om kinderstories te skryf. Tamlyn Louw van St Idas Primêr het haar prentjie vir haar maats gewys en vertel hoe mooi sy vir Slym geteken het. “Nou moet



ons die boek lees.” Hoewel Jenemo Luiters, van Reygersdal Primêr, nog nooit ’n boek van Fanie gelees nie, wil hy nou graag meer van Slym weet. Hy het Slym se padda-maatjie probeer teken. Karlien Weideman, van Somerset-Wes Primêre skool, het vertel hoe sy reeds “dik boeke” by Strand se biblioteek uitneem. Haar juffrou, Jeanetta Verdoes, beskryf haar as ’n “fenomenale leser”. Die WOW-skrywersfees word tot Donderdag gehou vir verskillende leerders van verskillende skole en grade by die Van der Stel-saal. – Mirandi Nel



Gr. 3-leerlinge by die WOW-skrywersdag waartydens die skrywer Fanie Viljoen met hulle gesels het. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

## WOW verander wêreld

WOW-dag vir matrieks.  
14 Maart om 08:00.

Sowat 1 500 behoeftige matrieks van dwarsoor die Wes-Kaap kry Saterdag ’n voorsmakie van die universiteitslewe tydens die *Woorde Open Wêreld*, of WOW-dag. “Ons wil leerlinge blootstel aan ’n wêreld buite dit wat hulle ken in hulle skool-omgewing,” sê Fiona van Kerwel, WOW-projekbestuurder. Sy sê hulle wil die studente aangemoedig om verder te studeer deur hulle toegang te gee tot die universiteit en hulle bekend te stel aan oudleerlinge van hulle skole “wat sukses was”. Nagenoeg 200 studente van WOW-skole studeer tans aan die Universiteit Stellenbosch (US). Dertien van hulle ontvang tans WOW-beurse. Die organiseerders wil studente werf vir die universiteit, leerlinge se skryfwerk verbeter met die oog op die matriek-eindeksamen, en hulle blootstel aan die Woordfees. – Elmarien Anthony

die bussie ontvang my soos ‘n eensame ...

plaashuis  
boerboel  
ouma

FNB/RMB kliënte kan gratis van die US Woordfees pendeldiens gebruik maak, met 1 metgesel per rit, solank ‘n geldige FNB/RMB kaart vertoon word\*.

- Parkeer jou motor veilig by Hoërskool Stellenbosch
- Bussies vertrek elke 30min op die dorp-roete

FNB en US Woordfees maak sin saam.

# Drie digters bekoor gehoor

**Interessante skrywers uit Nederland en Vlaandere. Skrywersfees. Erfurthuis. 9 Maart om 11:00.**

**N**Mens sou dink baie Afrikaners het nie juis veel erg aan die Nederlanders of Belge se letterkunde nie. Miskien ’n vae belangstelling, maar waarskynlik word dit as hoge literatuur beskou vir akademië of bedompige taalsnobs. Watwou, die meeste plaaslike mense was waarskynlik nog nooit daar nie, te danke aan ons swak wisselkoers.

Maar Maandagoggend was vir dié joernalis ’n openbaring. By die Erfurthuis was daar ’n praatjie met “sogenaamde” interessante skrywers uit Nederland en Vlaandere. Ja *sure*, het ek gedink. Hoeveel mense gaan nou so ’n gekekkel en kraai loop bywoon as daar soveel ander verrigtinge aan die gang is.

Net langs die gebou was ’n Christelike radiostasie besig om uit te saai, en terwyl ek verby loop hoor ek: “Prys die Heer met blye galmel!” Einste, dink ek, daar is meer mense voor daai karavaan waaruit die radiostasie uitsaai as wat ek nou gaan teëkom.

Wel, ek was verkeerd. Justin Bieber-jonk (nog nie eens baard nie) en Keith Richards-oud (met ander woorde ouer as Metusalem) het voor die ingang saamgedrom. Waar kom al dié Hollanders vandaan, wonder ek nog.

**VERRASSEND TOEGANKLIK**  
Maar nee, dis Afrikaans wat ek hoor. Wat ’n wonderlike, verruimende verassing het dié praatjie toe nou nie uitgedraai nie.


Die digterakademikus Alfred Schaffer (wat sê hy praat Nederlands) was in gesprek, eers met die welbekende Vlaamse prys-wenner-digter Paul Bogaert, en toe met die ewe bekende Iraks-Nederlandse skrywerdigter Rodaan Al Galidi.

Schaffer was bedrewe met die onderhoud, heeltemal op sy gemak en die gesprek was meer soos ’n rustige, maar amuseante, asook leersame *fireside chat* (soos die Engelse sê). Hy het vir ’n ligte oomblik gesorg toe hy die stem van die ontslape Nederlandse skrywer Gerrit Komrij perfek, maar absoluut volmaak, nageboots het.

Dit was asof Komrij sy wakende oog oor alles kom hou het. Die praatjie was meestal in Nederlands, soms Vlaams met ’n tittel Afrikaans, en al rep jy net Afrikaans, het almal so mooi en duidelik gepraat dat niks verlore gegaan het nie.

Natuurlik het iemand se selfoon gedurende die gesprek afgegaan en hier volg ’n waarskuwing. Ek sal persoonlik die volgende keer daardie persoon gryp en kielie, sodat hulle van al die lag hul broeke voor almal nat piepie. A nee a, skaam julle!

Paul Bogaert was eerste aan die woord, en is die skrywer van digbundels soos *Welcome Hygiene*, *Ons verlangen*, en ander. Hy het



’n hartseer gesig met vol lippe en ’n droewe stem wat sy poësie wat hy voorgelees het na musiek laat klink het.

Die gehoor was gehipnotiseer soos hy gelees het met sy gedigte wat op ’n skerm agter hom geflits is en hy het gepraat oor sy lewe as gewone kantoorwerker, later proefleser en uitgewer, en ook iemand wat op ’n stadium ’n handboek vir die polisie in eenvoudiger taal moes oorskryf.

“Eintlik is die bestaan wat ek deur die dag by die werk voer heeltemal verwyder van my werk as digter,” het hy gesê. Van sy hui-

dige kollegas het geen idee dat hy ook dig nie (al is hy bekend binne en buite literêre kringe).

Bogaert put inspirasie uit klein gebeure, oomblikke of gewone mense. Hy stap verby ’n huis en sien die naam van die huis is *Ons Verlangen*. Dit tref hom en inspireer later tot ’n digbundel.

**ALLEDAAGSE INSPIRASIE**  
Die persoon wat toilette skoonmaak by die werk inspireer hom ook. Wat is in daardie arsenaal van skoonmaakmiddels en apparate wat hierdie man by hom het? Hoe lank neem dit om ’n toilet skoon te

maak, wat gaan deur sy kop? Ook die randeiers besiel hom. Soms vind hy ’n lekker woord, een soos “uitslukken”, waarmee hy dalk vir jare sal sit, voordat dit in ’n gedig omskep word.

Volgende aan die woord was skrywerdigter Rodaan Al Galidi, wat as vlugteling uit Irak in Nederland aangekom het. Hy is ’n man met ’n groot, oop, vriendelike gesig, ’n lang bos swart hare en ’n aweregse, skalkse sin vir humor. Sy lewe was swaar en vlak onder sy snaaksigheid en lighartigheid skuil daar droefgeestigheid.

Sy ma het agt oorloë oorleef, hy weet nie eens watter dag of datum hy gebore is nie, en toe hy Nederland toe vlug vanuit Irak, was hy vir nege jaar in asielsoek-sentrums. Daar het hulle elke dag twee Panado’s en drie kondome ontvang, het hy skertsend gesê.

“So asof ons lewens gereduseer was tot twee hoofpyne en drie orgasmes ’n dag. Hoe *weird* is dit? Verder mag ons ook nie getrou het nie, en ons mag ook geen werk gedoen het nie,” sê hy. Gedurende hierdie tyd het hy homself Nederlands geleer.

Later toe hy die sentrum ver-



**1. Paul Bogaert by die Interessante Skrywers-geleentheid. 2. Shané Kleyn by die Neerlandistiekdag. 3. Geraldine Regmenants, Vlaamse verteenwoordiger in Suid-Afrika, tydens Soete Groete, ’n byeenkoms van Nederlandse en Vlaamse digters.**  
FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

**“ Ek is mal oor Suid-Afrika. Jy het nie taal nodig nie, jy leef deur jou lyf, jy voel die ritme van taal in jou lyf.**

laat was hy half geskok oor hoe bot die Nederlanders op straat was; jy groet iemand en die persoon kyk regdeur jou. Ek het baie eensaam gevoel.

Hy is mal oor Suid-Afrika, omdat mense jou raaksien, met jou praat, en terugglimlag. Jy het nie eens taal nodig nie, jy leef deur jou lyf, jy voel die ritme van taal in jou hele wese.

Hy vertel: “Ek kyk nou die dag na ’n vrou, en sy kyk terug. Die volgende oomblik hardloop sy na my en ek skrik my mordsdood. Hier kom nou moeilikheid! En toe sy so by my kom toe vra sy: ‘How are you my darling?’”

**PITKOS**  
Hy het ook sy gedigte meevoerend voorgedra, selfs een in Arabies, wat ’n mens, al verstaan jy nie die taal nie, hard teen die hart geslaan het.

Aan die einde van die gesprek was die gehoor merkbaar ontsteld. Hulle wou nog hoor, nog pitkos hê. Wat ’n voorreg was dit nie om hierdie drie here saam in aksie te sien nie. Soos een vrou gesê het toe sy uitloop: “Ek hoop hulle kom gou weer.” Ek ook.  
– Herman Lategan

**Meer inligting**

# “Hierdie geleentheid is moontlik gemaak deur die Nederlandse Taalunie, Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Fonds Neerlandistiek en die Van Ewijck-stigting.

# Vir meer inligting oor Paul Bogaert besoek [www.paulbogaert.com](http://www.paulbogaert.com).

# Vir meer inligting oor Rodaan Al Galidi besoek [http://nl.wikipedia.org/wiki/Al\\_Galidi](http://nl.wikipedia.org/wiki/Al_Galidi)



**Die bekroonde digter Rodaan Al Galidi op besoek uit Irak.**

# Sandra Prinsloo en Marius Weyers kruip diep in mense se harte


Van ons voorste en gewildste akteurs is by die Woordfees te sien. Wie is jou gunsteling-akteur of -aktrise en hoekom?



**Christoff Botha, US-student:** “Ek hou van Tim Theron. Hy is vir my flippen cool. Ek hou nie so baie daarvan as mense wat eintlik sing akteurs word nie.



**Chrisna Human, Senekal:** “Marius Weyers en Sandra Prinsloo. Ek het nou net vir Marius Weyers gesien en hom sommer ’n vet druk gegee.”



**Jan Vermeiren, Kaapstad:** “Weyers, ja hy is my gunsteling. Ek is net hier vir die Vlaamse deel van Woordfees. Ek stal my kunswerke hier uit by die fees.”



**Wilderene Groenewald, Stellenbosch:** “Christo Davids is my gunsteling. Hy is nog baie jonk, maar so talentvol. Ek het Siener gekyk en ek was baie impressed.”



**Nina Pieterse, Somerset-Wes:** “Die akteurs Sandra Prinsloo en Marius Weyers is my gunsteling, nie omdat hulle ouer is nie, maar hulle is goed.”

## US Simfonie-orkes speel tegnies goed en met oorgawe

**Resensie**

**Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes. Klassieke musiek. Endlersaal.**

‘Ek weet nie veel van musiek af nie, maar ek kan dit darem waardeer,” fluister ’n vrou agter my vir haar vriendin nadat die Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes (USSO) Saterdag hulle program geopen het.

Die orkes het die Kaapse komponis Allan Stephenson,

wat self in die gehoor was, se “Stellenbosch-ouverture” gespeel, ’n werk wat deel vorm van ’n reeks konsert-ouvertures wat hy onder meer opgedra het aan Kaapstad, Johannesburg en Bloemfontein. Saterdag was Stellenbosch aan die beurt en die melodie van “Bobbajaan Klim die Berg” is slim hierin vervleg vir ooglopende redes: Stellenbosch is omring deur berge, en die Stellenbosse boys kom volgens oorlewering mos weer.

Later die aand is die genoemde lid van die gehoor steeds in vervoering en gee

dawerend applous saam met gerekende musiekdosente van die Konservatorium nadat die laaste note van Sergei Prokofiev se “Romeo en Juliet-balletsuite no. 2” wegsterf.

Musiek wat tegnies goed én met oorgawe uitgevoer word, kan nie anders as om mense te raak nie, maak nie saak wie jy is of wat jou agtergrond is nie.

Tweede op die program was Schumann se “Klavierkonsert in a-mineur opus 54” met die Italiaanse pianis Antonio di Cristofano agter die Bösendorfer. Binne die eerste paar mate het sy

helder toonkleur en delikate spel ’n mens dadelik bygeval. Maar dit was asof hy deur die loop van die stuk al hoe minder geïnteresseerd was in sy eie spel. Die note was alles in plek, maar vir iemand met só indrukwekkende CV (Carnegie Hall en die Smetana-saal in Praag), het dit geklink of hy nie heeltemal gefokus is nie. Dit was hoegenaamd nie onluisterbaar nie, maar miskien het ’n mens te veel verwag?

Die orkes, onder leiding van prof. Corvin Matei, het egter na vyfde rat oorgesit vir die 20ste-eeuse orkestrale klankwêreld

van een van Prokofiev se bekendste werke. Die aard van die komposisie is een van bravade, en die orkeslede kon nie anders nie, as om dit met intensiteit te benader.

Dankie tog daarvoor, want die eindproduk was bevredigend, en die spel dikwels indrukwekkend.

Om te dink: hierdie werk en The Beatles se eerste musiek word van mekaar geskei deur ’n skamele 20 jaar. Meer verskillend sal jy nie kry nie en albei het die toets van die tyd deurstaan.

Dié dinge maak my opgewonde om in die 21ste eeu te leef.

– Naudé van der Merwe

### Vandag gaan dit hopelik nie te warm wees nie!

Stellenbosch is berug vir hoë temperature, maar feesgangers kan vandag ’n maksimum van 26°C verwag, lekker matig, met ’n minimum van 15°C. Luidens weervoorspellers gaan dit ’n sonnige dag



wees, met ’n suidelike wind wat teen ’n maksimum van 33 km/h suid/suid-oos gaan waai. So trek gerus daai feestelike sonhoed nader, maar wees bedag op die geniepsige suidoostertjie!

## Roosenwijn Guest House

★★★★★

Experience the elegance and beauty of a bygone era

Tel: +27 21 883 3337/8 Fax: +27 86 505 3960  
14 Van Riebeeck Street, Stellenbosch, 7600 South Africa  
www.roosenwijn.co.za | bookingsenquiries@roosenwijn.co.za

## Die kunste kraai koning!

By vanjaar se US Woordfees:

**ATKV-BOEKWINKEL**

Ons omvangryke eenstop-boekwinkel is terug in die hartjie van die fees in die Plataankafee agter die **US Museum**. Daar is ’n keur van nuwe, tweedehandse en allerlei interessante boeke te sien vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunsteling skrywers en geniet ’n glasie wyn saam met ons onder die Plataanbome.

“Ek is liewer ’n arm man wat in ’n solder woon met baie boeke as ’n koning wat nie lief is vir lees nie.”  
– Thomas Babington Macaulay

Hierdie opwindende nuwe produksie van die **ATKV**, is te sien in die **US Museum**. In samewerking met Die Grobler is ’n reeks kort animasiefilms, geïnspireer deur ’n seleksie van 12 klassieke en kontemporêre Afrikaanse gedigte, vervaardig.

**filmverse**

Die digters se werk word gebruik om ’n “visuele bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog tussen woord en beeld skep. Elke animasiefilm word vergesel van ’n klankbaan, waar onder meer die gedig voorgelees word. Die eindproduk is ’n DVD-vertoning van sowat 40 minute, vergesel van ’n uitstalling van plakkate van die animasiefilms. Die DVD word te koop aangebied in die **ATKV-Boekwinkel**.

Moet dit nie misloop nie! By die **US Museum**, **daaglik** van **07:00 - 18:00**. Toegang is **gratis**.

Die Grobler, die artistieke regisseur van **Filmverse**, gesels saam met ’n paar deelnemende digters en animeerders oor die produksie op Dinsdag, **10 Maart** om **09:00** in die **Boektent**.

Digter: Wilma Stockenström  
Animeerder: Crowther Lindeque

[www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)

## Skop stof op en laat wiel in Afrikaans

**Padwedloop en fietswedren.  
Root 44 Mark. 14 Maart.**

Fikse feesgangers kan vanjaar met wedrenname soos "dronklap" of "agteros" aan die draf of fietsry gaan. Dié Afrikaanse woorde vervang wedrennommers tydens die *Reliance Veldtrap met Woorde*.

"Vanweë die groot aanvraag na bergfietsroetes het die naam Veldtraf nie meer gewerk nie, en

'trap' kan vir fietstrap en vastrap in die sand werk," sê Heidi Eloff, organiseerder van die wedren.

Die nuwe fietsafdeling sluit 'n saalseer-50km, 'n kettingkraak-35km en 'n vinnigtrap-18km in.

Vir die drawwers is daar 'n 6 km-japtrap, 'n 12 km-vastrap en 'n 18 km-sweettap.

Die korter roetes is familie- en hondvriendelik. Daar is selfs pryse vir die vinnigste hond.

Die wedloop fokus op volhoubaarheid. Elke deelnemer kry 'n spekboom van die Million Tree Project wat hulle kan plant om hul koolstofspoor te verminder.

Inskrywingsgeld sluit in 'n bottel organiese rooiwijn, 'n energiestafie, 'n sportdrankie en 'n medalje. Na afloop van die wedren kan deelnemers die Root44-mark besoek en na musikante luister. – **Fredalette Uys**

## Gaan kyk Kalahari Swaan

Jason Jacobs se kontemporêre drama, *Kalahari Swaan*, word by die Woordfees opgevoer.

Dié stuk is geïnspireer deur Tchaikovsky se *Swanemeer*, en gebruik elemente van fisiese teater, flamenco danse en koorsang om sosio-politiese kwessies aan te spreek.

Die produksiehuis, KleiSand, is volgens Jason "toegewyd tot die sosiale hervorming en

herbou van die samelewing en hul denke, veral onder bruin gemeenskappe".

*Kalahari Swaan* word môre om 20:30, Saterdag 14 Maart om 10:00 en Sondag 15 Maart om 11:00 in die Breughel Teater in Cloetesville opgevoer. Die vertoning duur 35 minute en kaartjies kos R80.

Ouerbegeleiding word (PG) aanbeveel.

# TAFELBERG MEUBELS

**Die Grootste Keuse is ons Leuse !**

**www.tafelberg.co.za**

## ALTYD 'N BETER TRANSAKSIE !

- 'n Wes-Kaapse maatskappy wat die gemeenskap al vir meer as 50 jaar bedien
- Grootste reeks Klein-en Groot kombuistoestelle, Meubels, Beddens en Oudiovisuele produkte
- Al die Top handelsname en Eksklusiewe reekse
- Beste pryse
- Vriendelike en Professionele diens – Deskundige advies
- Voorraad geredelik beskikbaar – Afleweringdiens beskikbaar
- 9 Takke gerieflik geleë in die Kaapse Skiereiland en Boland areas
- Oop 7 dae 'n week en voldoende parking
- Ons aanvaar alle Kredietkaarte, RCS-en Kaapse Verbruikers-kaarte



**bsmart.**  
GEEN HEFFINGS

**eBucks**  
The Reward of Choice  
Bestee u eBucks by Tafelberg  
met 'n koopbevis of oortuig in  
enige van ons winkels.

**BELLVILLE - 021 944 3330**

CAPEGATE • DIEPRIVIER • GROENPUNT • SOMERSET-WES • PAARL  
PARKLANDS • N1-NORTHGATE ESTATE • TOKAI • ROODEPOORT

**info@tafelberg.co.za**

Sluit aan  
by ons  
&



Redakteur  
Jacolette Klopers  
(jacoletteklopers@gmail.com)

Uitgewer  
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie  
Johnn-Grant Munro

Teksredakteur  
Liesl Peyper

Hooffotograaf  
Nardus Engelbrecht

Senior skrywers  
Marina Griebenow  
Marenet Jordaan  
Herman Lategan  
Wayne Muller  
Ilza Roggeband  
Naudé van der Merwe

Joernalistiekstudente  
Kayla Alexander  
Leonardo Angelucci  
Elmarien Anthony  
Mikail Baker  
Heléne Booyens  
Nicola Jo Bruns  
Melissa da Costa  
Mila de Villiers  
Louis du Preez  
Siviwe Feketha  
Edward Goff  
Hannes Kruger  
Jade Larey  
Tatum Morley  
Jacques Myburgh  
Mirandi Nel  
Suzaan Potgieter  
Kyle Smith  
Simon Sonnekus  
Adri Thiar  
Fredalette Uys  
Lea-Ann van der Merwe  
Mizan van der Merwe  
Marcelle van Niekerk  
George von Berg  
Heike Werth

Redaksielede van Die Matie  
Giselle Botha  
Karin Groenewald  
Karin Hammond  
Franco Havenga  
Lynné Schoeman  
Joan van Dyk

Woordfees-kantoor

Erfurthuis, Ryneveldstraat 37,  
Stellenbosch

Vir enige navrae skakel  
die feeskantoor by  
021 886 5036 of besoek  
www.woordfees.co.za

Die koerant word gratis  
op die feesterrein versprei en  
is elektronies beskikbaar by  
www.eikestadnuus.com

Polisie – 021 809 5000

Verkeersdepartement  
– 021 808 8800

Ambulans – 021 887 0310



# Valiant se woord verbeeld

Toorwoorde Roep My. Visuele kuns. D-Street. Vandag tot 15 Maart. Rondleidings (gratis) op 11 Maart om 15:00 en 14 Maart om 11:00.

Sy lirieke is al as gedigte beskryf en Valiant Swart het hom die afgelope paar jaar stewig as rubriekskrywer gevestig. In Toorwoorde Roep My gaan sy woorde ook nou kunstenaars inspireer.

Die idee van die uitstalling was dié van die eienaars van D-Street Gallery, Ronnie en Sue Donaldson. Van die kunstenaars wie se werk te sien is, is Strijdom van der Merwe, Ingrid Winterbach, Jaco Sieberhagen, Cobus van Bosch, Vernon Swart, Clare Menck en Andries Gouws.

Valiant antwoord 'n paar vrae oor die uitstalling: Het jy insae gehad in wie watter liriek kry of het die kunstenaars self besluit?

“Die besluite is geheel en al aan



Valiant Swart by die opening van die kunsuitstalling Toorwoorde Roep My by die D-Street Gallery. FOTO: FREDALLETTE UYS

die kunstenaars oorgelaat. Ek is vol afwagting om te sien waarmee hulle vorendag gaan kom en op watter lirieke hul keuses sou val.”

Onregverdige vraag, maar is daar 'n kunswerk waarna jy spesiaal uitsien?

“O, almal van hulle. Ek is mal oor elkeen van die kunstenaars se

werk – ‘intens’ en ‘stemmingsvol’ is deurgaans gemeenskaplike kwaliteite. My nuuskierigheid is volkome.”

Dit is 'n merkwaardige groep kunstenaars. Het jy self 'n paar name aan die kurator voorgelê?

“Ek het, ja. 'n Paar van my voorstelle het die lys gehaal, ander

nie. Ek is spyt dat ons nie meer kunstenaars van buite die Wes-Kaap kon betrek nie, maar met so 'n wye projek is daar natuurlik praktiese beperkinge.”

Vernon Swart is een van die kunstenaars. Julle is vriende en hy speel dromme in jou groep. Het jy enige invloed gehad in die keuse van sy liriek?

“Geensins nie. Hy ken my lirieke amper beter as ek! Sy kuns en my liedjies is ten nouste verweef – ons maak al byna twintig jaar saam musiek. Hy was direk betrokke by verskeie van my albums se omslagontwerpe. Trouens, my album Deur die Donker Valleï se voorblad is 'n Vernon-skildery wat in my sitkamer hang.”

Beplan jy om enige van die kunswerke te koop?

“Ag, in 'n volmaakte wêreld pryk almal eersdaags in my huis. Mens mag mos maar droom.”

– Ilza Roggeband

## Koop kuns via jou foon of tablet

Opskiet by die Museum. Visuele Kuns. 9 tot 14 Maart, 06:00-08:00

Sosiale media word vanjaar vir die eerste keer ingespan om kunswerke tydens die Woordfees te verkoop.

Alex Hamilton is kurator van Opskiet by die Museum, wat visuele kuns van die gallery tot op jou selfoon, tablet of rekenaar neem.

Volgens Hamilton het hy al vantevore van sy kuns via sosiale media verkoop en het hy so 'n goeie klan-tebasis opgebou. “Dis 'n baie nuwe manier van kuns verkoop. Mense dink jy vat kuns van kuns weg, maar dit werk.”

Kunsleefhebbers kan tussen 9 en 14 Maart vanaf 6:00 by Hamilton se Twitter-, Facebook- en Instagram-rekeninge (met die hutsteken #Opskiet-ByDieMuseum) aanmeld om die dag se kunswerke te sien.

Vroeg-opstaners kan self dan na die US Museum gaan. 'n Kollektief van kunstenaars maak dit moontlik om daaglik nuwe kunswerke bekend te stel. Die kunswerke word telkens die hele dag lank uitgestal, behalwe as iemand dadelik hul kunswerk wil gaan afhaal by die museum.

Hamilton sê die projek is 'n eksperiment wat vanjaar deur die Woordfees getoets word. Hy is nie seker of dit gaan werk en hoeveel mense gaan kom nie, aangesien die kuns net vir een dag beskikbaar is. “As dit werk, doen ons dit weer volgende jaar.”

– Kayla Alexander

## Kunstenaars toor met letters en woorde

Die Alfabet. Alex Hamilton met gaskunstenaars. Visuele kuns. PJ Olivier Kunssentrum. Vandag tot 14 Maart om 10:00 tot 18:00. Gratis.

'n Kunsuitstalling oor woorde. Dit is hoe die kunstenaar Alex Hamilton Die Alfabet beskryf.

“Toe die Woordfees my genader het om 'n uitstalling te doen, het dit vir my sin gemaak om iets met letters en woorde te doen,” sê Hamilton.

Hy het 'n lys gemaak van woorde wat hy graag wou gebruik en dit toe vir 'n paar ander kunstenaars aangebied.

“Ek sou aanvanklik net tien van die letters en woorde weggee en die res self doen, maar mettertyd het ander kunstenaarsvriende daarvan gehoor en gevra of hulle ook 'n letter kan kry. Ek glo dat as jy 'n kunstenaar vertrou, moet jy hulle vrye teuels gee en so het sommige nuwe woorde gekies. Ek dink dit maak die uitstalling meer divers omdat dit uit meer rigtings kom as my eie.”



Daar is agtien kunstenaars wat deelneem, onder andere Hennie Meyer, Cobus van Bosch, Jaco Sieberhagen, Joshua Miles, Hannelie Taute, Robert A Hamblin en Susan Grundlingh. Agt van die werke is deur Hamilton en elke letter van die alfabet word in die uitstalling gebruik.

Is die kuns bekostigbaar? “Ja,” sê Hamilton. “Ek glo kuns moet meer toeganklik wees sodat almal dit kan geniet en waardeer. Daar is

net een werk wat meer as R20 000 kos en daar is vele wat onder R1 000 is.

Die kuns is van 'n hoë gehalte en versamelaars sal dit dus waardeer, sê Hamilton. “Dan is daar 'n element van populêre kultuur wat by jonger kunskykers byval sal vind. Die verwysings na woorde en taal sal ook beslis aanhangers van taal en letterkunde aanstaan.”

– Ilza Roggeband

grafien  
uəɫɒɪɪʒ

'n Tentoonstelling van die personeel van die Departement Visuele Kunste, Universiteit Stellenbosch.  
Die tentoonstelling open op Vrydag 6 Maart, 18h30, en duur tot Saterdag 21 Maart 2015.

The exhibition opens on Friday 6 March, 18h30, and runs until Saturday 21 March 2015.  
An exhibition by the staff of the Department of Visual Arts, Stellenbosch University.

AANGEBIED DEUR  
PRESENTED BY

GUS (Old Lutheran Church)  
Corner of Dorp & Bird Streets  
Stellenbosch



E: GUS@sun.ac.za  
T: 021 808 3489  
(Kamiela Crombie)


# Sinisme oor politiek is gegrond, sê FW

**Japie Basson-gedenklesing. Diskoers. Boektent. 9 Maart.**

Hy hunker na min dinge terug, sê oudpres. FW de Klerk, maar wel na die gehalte en hoë standaard van debatvoering wat daar in wyle dr. Japie Basson se tyd in die parlement was.

In die jaarlikse Japie Basson-gedenklesing het De Klerk gister hulde gebring aan een van die “kleurrykste politieke figure in Suid-Afrika se geskiedenis”.

“Dit was een van die grootste voorregte om as jong politikus by hom te kon leer,” het De Klerk gesê, “sy keurige Afrikaans en woordgebruik sal my bybly.” In sy toespraak het De Klerk die swak stand van debatvoering onder politieke figure in die parlement betreur. “Ons het gedink daar is opbouende diskoers in die parlement, maar dis eenvoudig



Oudpres FW de Klerk gister in die Boektent in Ryneveldstraat. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

nie meer rasioneel en konstruktief nie,” het De Klerk gesê. “Die mense wat ons daar verteenwoordig is nie meer verantwoordbaar teenoor die mense wat hulle verkies het nie, maar slegs hul eie base.”

Hy het ’n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om “hard en

duidelik nee te sê” vir almal wat ons wil teruglei na magspolitiek en alle vorms van onderdrukking en oorheersing. “Ons moet standpunt inneem oor die fundamentele waardes in die Grondwet.”

In vraetyd wou ’n Matie by De Klerk weet wat die toekoms van

Afrikaans aan die US is. “As die US by sy onderneming hou dat Afrikaans as onderrigtaal behou sal bly, is daar ’n toekoms,” het De Klerk geantwoord. “Maar om taalbeleid toe te pas, is ’n ingewikkelde saak. Enersyds moet die universiteit toeganklik wees

op ’n breër grondslag, andersyds is dit noodsaaklik dat ons Afrikaans as ’n akademiese taal verderdig. Ons hou die situasie by die US met belangstelling dop.”

De Klerk is ook gepols oor die feit dat Suid-Afrikaanse jonges nie veel erg aan politiek het nie. “Ek het begrip daarvoor dat daar ’n gebrek aan belangstelling is,” het De Klerk gesê.

“Die politiek lyk lelik op die oomblik en dis moeilik om entoesiasme en vertroue te hê. As julle nie die hele petalje by die opening van die parlement kon sien nie, vra maar vir my – ek het ’n *ringside seat* gehad.”

Hoewel daar gronde vir sinisme is oor politici, sê hy, is daar nou ’n geleentheid vir die burgerlike samelewing om die veld te betree en die gapings te vul. “My hoop is dat jong mense op dié manier sal begin om weer in die politiek belang te stel.”

– Liesl Peyper

# ‘Ons moet kyk na ongelykheid’

## Ontleding

**Leierskap in Afrika: verskillende kulture en waardes – hoe word dit gedoen? Diskoers. Plataankafee. 9 Maart.**

Leiers moet aan hulself verantwoordings doen. As hulle nie meer vertrou en geglo kan word nie, moet hulle gaan.

Dit was die konsensus onder mnr. Roelf Meyer, voormalige NP-minister en hoofonderhandelaar in die veelparty onderhandelingsforum (tydens die oorgang na demokrasie) in Suid-Afrika, en dr. Franklin Sonn, voormalige ambassadeur in die VSA wat aan ’n gesprek oor leierskap in Afrika deelgeneem het.

Volgens Meyer het die Afrika Renaissance wat oudpres. Thabo Mbeki begin het, momentum verloor. “As só ’n inisiatief nie op ’n breë vlak ondersteun word nie, kan dit nie suksesvol wees nie.”

Volgens Meyer moet die styl van leierskap in Afrika meer raadplegend wees. Sterk individuele leiers soos wyle oudpres. Nelson Mandela was ’n uitsondering.

Kollektiewe leierskap moet bevorder word, nie net op politieke terrein nie, maar ook wyer, het Meyer gesê. Die burgerlike samelewing kan op aktiewe wyse ’n waardevolle bydrae in ons land lewer, maar tans is daar nie werklike uitstaande leiers in hierdie geledere nie. Dieselfde geld die akademie.

Demokrasie staan nie so haaks op Afrika leierskap soos soms beweerd word nie, sê Meyer. Daar

vind byvoorbeeld gereeld verkiesings plaas, alhoewel almal nie altyd met die uitslag tevrede is nie.

Demokrasie en tradisionele leierskap ontmoet mekaar in Suid-Afrika se Huis van Tradisie. ’n Hoër status aan hierdie “huis” moenie noodwendig aangemoedig word nie, het Meyer gesê. Volgens Meyer is een van die belangrikste sake wat tans op Afrika se agenda moet wees, die kwesie van hoe die groterwordende ekonomiese ongelykheid aandel moet kry.

“As ons nie hierin gaan slaag nie, wag daar moeilikheid op ons.”

Daar heers groot sinisme oor die leierskap in Afrika. Teurstelling in leiers kom nie net in Suid-Afrika en Afrika voor nie, maar word wêreldwyd en van die vroegste tye ervaar, het Sonn in sy spreukbeurt gesê. Daar is voorts oordrewe verwagtinge van leierskap en juis dan is die teurstelling so groot as leiers versoen faal. Dit is wat baie ondersteuners van die ANC tans ervaar.

Sonn sê nog ’n probleem is dat die rykes ryker word terwyl plakkerskampe uitbrei. Dit is nie oral ’n “better life for all” nie. Dienslewering is swak en die gepaardgaande teurstelling groot.

Sonn beskou homself as ’n onderhandelende leier. Middel-puntvlietende kragte moet oor alle grense gesoek word. Veral

sakeleiers en die regering moet goed saamwerk. Ook die burgerlike samelewing en kerke het ’n groot rol te speel in die opbou van ons land.

Instellings soos die Openbare Beskermers en die media moet volgens Sonn beskerm word. Word die gesag van sulke instellings uitgedalwe, en die pers geëls, het ’n land probleme.

Mnr. Conrad Sidego, burgemeester van Stellenbosch, stem in ’n gesprek ná die tyd saam met Meyer en Sonn dat die vraagstukke en aanslae in ons land net te groot is om alles aan politici oor te laat.

Ander rolspelers moet ook aan boord kom. Ook bevestig hy dat die omstandighede die aard van leierskap bepaal. Suid-Afrika het ’n FW de Klerk nodig gehad wat die moed gehad het om apartheid te beëindig. Hy was die politieke vroeë vrou wat moes help om die nuwe baba die wêreld in te bring.

Dan was daar die versoeningende Nelson Mandela wat ’n uiters belangrike rol gespeel het om die voorspelde bloedbad af te weer en eerder in onderhandelings met die wit leierskap te gaan.

Op ’n vraag uit die gehoor het Sonn geantwoord dat jong mense ’n groot rol in Suid-Afrika en Afrika te speel het. Hulle moenie hierdie vasteland gebruik om geld te maak en dan emigreer sodat hulle kinders in die buiteland kan groot word nie.

Die jong generasie moet hulle beywer vir eenheid. Welvaart moet doeltreffend verdeel word. As Stellenbosch dit nie gaan reg kry nie, wag daar groot moeilikheid vir sy inwoners. – Chris Jones



Marieke Prinsloo-Rowe se beeldhouwerk, *Jy kan onder my sambreel sit, wat nie verkoop is nie*. Foto: NARDUS ENGELBRECHT

## Art auction causes a stir

The first auction of public art at the Woordfees caught many by surprise when one of the most popular pieces failed to reach its reserve price.

Marieke Prinsloo-Rowe’s work, *‘wYou can sit under my umbrella’* was not sold because it failed to reach its reserve price (the lowest bid the artist will accept). While the piece was on exhibit, people frequently posed for pictures besides the statue of the young woman sitting under an umbrella.

“I am very surprised,” says Andi Norton, project manager for the Stellenbosch Outdoor Sculpture Trust (SOST), which brings public art to Stellenbosch every year. “Some of the benches I thought would be a battle to sell went over the reserve price and some of the ones I thought would be wildly popular did not make the reserve price.”

Fourteen benches from the *Kom Sit* exhibition were up for auction.

Norton said she was delight-

ed by the price fetched for Stephen Rautenbach’s work, *Sit and be part of nature’s family*. This work of welded steel caused the fiercest bidding war of the evening, finally selling for R110 000 – R32 000 more than its reserve price. Other popular pieces were Wilma Cruise’s *Travelling Baboon* (R105 000) and Lee-Anne van Wyk’s *Under my tree I’m free* (R75 000).

SOST will gradually unveil the artwork from the new exhibition *Reflection* which will replace *Kom Sit*. Dirkie Offringa, curator for the SOST, confirmed that it will be the fourth public art exhibition in Stellenbosch.

Norton is also enthusiastic about *Reflection*, which will feature 22 new works of art. “We have a vision of public art in Stellenbosch. And that vision is to become one of the great cultural centres of the world. *Reflection* is cerebral, thought-provoking and multi-layered. It truly is fine art on the streets.” – Marcelle van Niekerk

Hoogtepunte

PG maak hart oop oor dinge na aan hom

# ‘Ek’s partydig oor Afrikaans’

Die opkoms vir die teater-gesprek van feesdirek-teur Saartjie Botha met skrywer, akademikus, dramaturg en bobaas storieverteller PG du Plessis is só oorweldigend dat hulle inderhaas moet skuif van Erfurt-huis na ’n groter saal langsaan. Mikrofone word gebring en die klank getoets.

“Dames en here, ek wou nog altyd die volk toespreek,” bulder Du Plessis in die styl van ’n gesoute Nat. En die mense skater. In daardie oomblik sien jy sy grootste talent, naamlik sy ongeëwenaarde vermoë om ’n gehoor op te som en in ’n oogwink om sy pinkie te draai.

Marina Griebenow het gister na die teatergesprek met PG du Plessis gaan luister. Hier is ’n paar uittreksels in sy eie woorde.

Teater-openingsaande

Die eerste aand toe hulle my eerste drama (Nag van Legio) opvoer, nog daar in die Breytenbach-teater, sit ek daar. Alles gaan goed. Dit hou op en toe is daar net ’n doodse stilte. Niemand klap nie. Niemand doen enigiets nie. Hulle sit net. Ek sterf tien keer!

Toe staan daar uiteindelik ’n seun op en begin klap en daar volg die res uiteindelik. Erken nou maar, daar is niks wat jou siel so kan uitmergel soos die openings-aand van ’n nuwe drama nie! Jy sit daar, jy sien al die kritiese oë en jy sterf. Dis nou een van die dinge wat net ’n dramaturg vir jou kan sê hoe seer dit is. Jy gee jouself mos oor aan die genade van die regisseur, die vermoëns van die spelers, en al daardie dinge.



Twee dramaturge gesels tesame – PG du Plessis en Saartjie Botha. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

PG gesels met...

Weet jy watter wonderlike ervaring was *Spies en Plessis* vir my! Toe Ollie Viljoen met my oor *Spies en Plessis* kom praat het, was ek eintlik al lekker gatvol.

My program *PG Gesels Met* het só ontwikkel dat elke baas by die SAUK sy tjommie op my program wou hê – sulke droë donners wat net êrens in die lewe gekom het omdat hulle nog nooit ’n fout gemaak het nie.

Spies en Plessis...

Een van die kosbaarste dinge in my lewe was om by *Spies en Plessis* betrokke te wees. Maar ek het aanvanklik nee gesê. Toe lieg Ollie oor-en-weer. Hy sê toe vir Jan ek sal dit doen as hy ja sê en hy sê vir

my Jan sal saamwerk as ek ja sê. En daar het jy *Spies en Plessis*! Humor het ongelukkig die program oorheers. Ek kon nooit vir Ollie oortuig om ernstige stories ook te doen nie, eers hier amper teen die einde.

Tolla van der Merwe...

Ollie kom eendag by ons en sê hy het ’n kêrel wat hy wil gebruik, “want hy doen nie te sleg op troues nie”. Ons is skepties, maar die ou praat met ons en hy is heel beskeie. En daár stap hy in met ’n army-jas en sê: “Ek is ’n recce...”

So stap ons een aand in Den Haag deur die rooiligbuurt. Die meisies sit uitgestal in hul vensters en, man, hulle is goed aanmekeer gesit! Ná so ’n ruk se stap sê Tolla

vir my: “PG, vat my weg hierso. Ek hét geld aan my.”

Wat die grapjasse my geleer het...

Ek het drie dinge by die grapjasse soos Tolla geleer: hulle werk geweldig hard; hulle het ’n sin vir wat werk; en, almal van hulle het ’n diep liefde vir mense. Hulle lag nie vir die mense nie; hulle lag saam met hulle.

Siener in die suburbs...

As jou toneelstuk ná 44 jaar weer opgevoer word, kyk jy daarna met helse dankbaarheid. Dit is vir my verskriklik belangrik. ’n Mens is altyd so bang jy maak ’n eendagsvlieg. En hiermee weet jy dat jy êrens iets reg gedoen het, want

kyk dan nou! Weet jy wat wonder ek? Waar is daai donners nou wat dit destyds so afgeskiet het? Die meeste is seker al dood.

Die aanvanklike reaksie daarop was nog ’n oorblyfsel van die ná-oorlogse tyd. Tóé het ons onself beter laat lyk in ons eie oë. Ons het oor onself gelieg, want ons moes onself reg praat. Skielik word ons toe in *Siener in die suburbs* uitgebeeld as nie so *kosher* nie. Die meningsvormende klomp het kwaai reaksie getoon, maar die gewone mense het die uitbeelding aangegryp en die teaters met speelvak ná speelvak uitgepak.

Ek hoop die stuk sal oor 200 jaar nog praat, want al het ons al die mees wonderlike tegnologiese dinge, verander ons menslikheid nie. Daar sal steeds liefde wees, haat, jaloesie, vrees, woede, ensovoorts.

Lewenservaring...

Vandat jy 10 jaar oud is, leef jy in die ontkenning van die einde. Jy probeer die dood weghou. Maar op 10 jaar het jy nog hoop, nie waar ek is nie. Jy ontwikkel later ’n nuwe kortsigtige lang kyk, want jy weet nie wat aan die ander kant vir jou wag nie.

Oor Afrikaans

Ek is baie partydig oor Afrikaans. Alles wat ek in die lewe gedoen het, het ek met en in my taal gedoen. Ek staan daarby en ek val daarby: ek is lief vir Afrikaans.

’n Nalatenskap...

Hopelik sal ek mense laat met ’n gevoel van deernis vir die menslike toestand.

## Van Coke se tunes verdryf Blou Maandag

1 o’clock, 2 o’clock Rock met Francois van Coke. Sanlam musiekfees. De Vette Mossel. 9 Maart om 13:00.

Vir die meeste siele bly ’n Maandag maar blou en droewig. Diegene wat die goue seun van rock, Francois van Coke, gister in aksie gesien het by De Vette Mossel, se harte het egter waarskynlik harder begin sing as ’n stewige kitaarakkoord.

Van Coke, voorsanger van Van Coke Kartel en Fokofpolisiekar, het in Februarie sy solo-loopbaan ingelui met die enkelsnit “Moontlik Nooit”. Tydens gister se vertoning het hy aanhangers ’n voorsmakie gegee van die vollengte album wat op 8 April bekendgestel word.

Hierdie vertoning was nie vol van die tradisionele jillende meisies en *mosh pits* wat een van Van Coke se *bands* optredes vergesel nie. Tog het die stampvol tafels almal gespog met bottels wyn en voete wat ritmies in die sand stamp.

Van Coke is bygestaan deur Jedd Kossew, kitaarspeler van Van Coke Kartel op elektriese kitaar. Saam het hulle die gehoor op ’n reis deur Van Coke se musiekloopbaan geneem. Fokofpolisiekar-treffers soos “Hemel op die Platteland” en “Wintersdag by die Seer” is gevolg deur ’n paar Van Coke Kartel-gunstelingse soos “Voor ons stof word” en “Tot die son uitkom”.

Met twee goue oues van die Beatles en Suzie Q het Van Coke verder daarin geslaag om die Blou

Maandag ’n opstopper te gee.

“Daar is ’n groot *variety* op die album,” sê Van Coke. “Dis nie geset in enige genre nie. Ek wou definitief iets anders doen van wat Van Coke Kartel en Fokofpolisiekar is.”

Al die snitte op sy solo-album is met die ondersteuning van ’n volledige *band* gedoen. Van Coke wil met só ’n *band* gaan toer ná die bekendstelling van sy album.

Op een van dié albumsnitte sing Van Coke: “Sit jou dop in die lug, dis tyd om te rus... Ek voel steeds ’n f\*ck. Ek doen steeds presies wat ek wil”.

Dit was waarskynlik presies hoe gehoor by De Vette Mossel gevoel het terwyl ander mense in lesinglokale of warm kantore moes sweet.

– Jacques Myburgh

Marzanne vier 75 jaar

Die bekroonde skrywer Marzanne Leroux-Van der Boon (Klaprose teen die wind, Granate bloei in Jerusalem) gesels oor haar lewe en werk tydens gister se spesiale profiel-onderhoud in die Boektent. FOTO: SALMON BECKER

# Nuwe bundel, nuwe liedjies

**Drink Koos Kombuis nog Tassies? Vind uit in Herman Lategan se onderhoud met een van Afrikaans se grotes.**

**Koos, wat het van André le Roux du Toit en André Letoit geword?** Dis snaaks dat jy my dit juis nou vra, want ek het onlangs weer goedjies begin skryf en publiseer as André Letoit by my nuwe inter-net-uitgangplekkie: <http://www.wattpad.com/user/AndreLetoit>.

Ek moes noodgedwonge weer daardie naam begin gebruik omdat ek, ná jare van Engelse Wetenskap-fiksie-kortverhale en stories in oorsese publikasies, besef het daai ouens gaan nóóit “Kombuis” reg spel nie! Ek het besluit op die verandering nou die dag in die middel van ’n *live Skype-interview* met die BBC toe die dame aan die ander kant van die lyn so sukkel om “Koos” uit te spreek!

Toe ek sê ek publiseer ook as “André Letoit”, was hulle dadelik meer op hulle gemak, al spreek hulle dit toe uit as “Le-twa”. Anyway, sedert die “Je Suis Charlie”-besigheid is dit baie *cool* om ’n Franse naam te hê!

**Noem jou vrou jou Koos?** My vrou noem my André, maar my honde noem my wel nog Koos.

**Stellenbosch is jou ou uithangplek. As jy terug kom, hoe voel dit? Wat onthou jy? Verlang jy?** Stellenbosch het baie verander, en, anders as party plekke wat

## Klassieke Kombuis – in ’n kroeg

**Koos Kombuis en Schalk Joubert. Musiek. Protea Hotel. 9 Maart om 13:00.**

Buite Stellenbosch is ’n hotel op ’n bult. By die hotel is daar ’n kroeg en neffens die kroegtoonbank het Koos Kombuis en Schalk Joubert elk met kitaar in die hand gesit het. Net toe die konsert wou begin, het die foon gelui.

“Julle moet hom asseblief van die mikkie haal,” het Kombuis gesê en ook vir die gehoor om verskoning gevra omdat daar ’n misverstand was oor kosbediening.

Kombuis het nietemin weggeval met “Bicycle sonder ’n slot” en toe die een treffer na die ander gesing, soos “Lisa se klavier” en “Katie” asook nuwe lirieke vir Kerkorrel se “Sit dit af, sit dit af!” waarin Kombuis vir Eskom vra: “Sit dit aan, sit dit aan!”.



**Schalk Joubert (links) en Koos Kombuis in vrolike luim.**  
FOTO: ILZA ROGGE BAND

Die gehoor het geskater vir lirieke soos “wat de hel het ons hier, my bier is kamertemperatuur”.

“Almal wil ’n huisie by die see hê”, het ook byval gevind en Kombuis het selfs ’n Engelse liedjie “Intergalactic muesli” gesing en iets wat hy vir die (plaaslike) Parys geskryf het –

“ ’n wonderlike dorp met ’n kak munisipaliteit”.

Kombuis is baie goed deur Joubert op baskitaar ondersteun en Joubert self het ’n solo gelewer wat deur die gehoor toegejuig is.

Al voel Kombuis soos “die Victor Matfield van Afrikaans”, het hy net weer bewys hoe vlymskerp sy sosiale kommentaar is. Amper almal – van Oscar Pistorius tot Shabir Shaik – het deurgeloopt.

As finale liedjie het Kombuis en Joubert “Ou tannie blues” uitgevoer en toe was die uur verby en die kroeg se foon kon weer op sy mikkie kom.

Dit was klassieke Kombuis. Genotvol, plesierig, snaaks. Dat daar nie kos was nie, het nie saak gemaak nie.

**– Ilza Roggeband**  
(Koos Kombuis en Schalk Joubert is ook vandag om 13:00 by De Vette Mossel te sien.)

**Ook by die Wimpy in die Kaap. Jy het oral sit en skryf in kof-fiekroeë. Loop ’n mens verby een, daar het jy gesit. Doen jy dit nog?**

Ek hou nog van koffiekroeë, maar is minder obsessief daaroor. Vandat ek my eie kantoor en my eie rekenaar het, skryf ek liewer by die huis. En ek weet hoe om my eie koffie presies te maak soos ek daarvan hou. Ek dink die enigste koffiekroeg wat lekkerder koffie maak as my eie, is die Häzz-koffieplek langs die Kunsmuseum op Stellenbosch.

**Ek het jou gereeld saam met vriende wat ons gedeel het by partytjies gesien. Mense soos Murray la Vita (joernalis), Henry Greeff (boekwinkelleienaar), Jozua van der Lugt (akteur) en so aan. Dan is daar gerook en gedrink (bokswyn en Tassies), gefilosofeer, oor gedigte gepraat en sommer ’n klomp nonsens ook. Het jy nog kontak met ou vriende uit jou Stellenbosch-dae? En rook en drink jy nog?**

Ja, ek mis daai tye, veral vriende soos Gerda de Klerk (en baie van

die ander). Ek het darem onlangs weer vir Murray gesien, en ek sien nog soms vir Cobus Smit en Lieb Bester. Nee, ek rook glad nie meer nie, nie eens dagga nie, maar ek is nog lief vir rooiwijn, al het ek oorgeslaan van Tassenberg na Beyerskloof. Tassenberg is nog lekker, maar nou besef ek daar is meer variëteite beskikbaar as dit! Ek het vroeër jare nie eens geweet mens kry party wynbottels met kurkproppe nie!

**Jy was baie arm daardie dae, soos in baie arm. Hoe het jy armoede soos daai ervaar? Wat het dit aan jou gedoen? Hoe het dit jou gevorm?**

Ja, ek was soms so arm dat ek in ’n slaapsak langs die Eersterivier moes slaap. Soms het ek klein bedraggies geld telefonies by my pa geleen, en later alles op een slag terugbetaal. Huisgenoot-stories het ook gehelp om liggaam en siel aanmekeer te hou. Ek is nou bly oor daardie lewenslesse. Dit het my ’n ander blik op die samelewing gegee. Ek weet nou wat Jim Morrison bedoel het toe hy gesing het: “People are strange when you’re a stranger, the road is uneven when you’re down...” Ek dink dit was ’n noodsaaklike agtergrond vir my lewe as skrywer, selfs George Orwell was ’n boemelaar in sy jong dae.

**Jy het ’n e-digbundel met ongelooflike poësie in, rock&roll.karoo. Vertel meer en hoe kan ’n mens dit bestel?**

Ja, *rock&roll.karoo* is my eerste digbundel in 16 jaar, en is digitaal beskikbaar teen R44,50 by <http://thompsonboeke.com/index.php>.

# Gehoor gaande oor Joshua na die Reën

Te oordeel na die gehoorreaksie tydens Joshua na die Reën (JNDR) se heel eerste vertoning by die Woordfees, gaan dit beslis nie sy laaste verskyning hier wees nie.

Sondagaand se piekniek-gangers by L’Avenir het daarop aangedring dat dié Gautengse sanger drie liedjies as ’n toegif sing. Die venue, langs ’n dam en onder die sterre, was ideaal vir ’n vertoning deur iemand wat na homself as ’n *tree hugger* verwys.

Hierdie voormalige jazz-student aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie se veelsydigheid is goed ten toon gestel. Hy het soomloos gewissel tussen wat hy beskryf as “kom-mersiële jazz”, oorspronklike liriese ballades en sy weergawes van treffers soos “Crazy” van Gnarls Barkley. Sy knap vertolking van Billy Joel se “Piano Man” het vir groot applous gesorg.

Sy eie toonsettings, soos “Lig op die Horison” en “Strand-

dans” hoef allermens vir die *covers* terug te staan.

Boonop kom dit voor asof hy ewe bedrewe op die klavierbord en kitaar is.

As daar wel kritiek gelewer moet word: die vioolklanke wat die sanger begelei het, was by tye ietwat oorweldigend. Dit is ook jammer dat hy nie die immergroen “Voshaarnooi”, wat hy as deel van die klankbaan vir die nuwe *Ballade vir ’n Enkeling* opgeneem het, gesing het nie.

Soms het die sanger half-verleë oor sy woorde gestruikel wanneer hy die stories oor sy liedjies vertel het. Maar miskien is hierdie ietwat lomp sin vir humor juis deel van sy sjarme.

Joshua na die Reën deel ook vandag en môre om 20:30 in *16 Onse* die verhoog van die Spier-amfiteater met sangers soos Stef Bos, Amanda Strydom en Hemelbesem.

– **Marenet Jordaan**



Van links is Nicole Holm, Vicky Davis, Toast Coetzer, Danie Marais (agter die mikrofoon), Nina Swart en Ronan Sillen op perkussie. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## Totale oorgawe aan Breyten se digkuns

**Katalekte. Woordmusiek. Fismersaal. 8 Maart.**

Dit was gepas dat hierdie eenmalige produksie op ’n Sondag was. Om na Breyten Breytenbach se gedigte te luister

in die hande van talentvolle musikante en stemkunstenars, is immers ’n byna heilige ervaring. Laurinda Hofmeyr het die meeste van die singwerk gedoen met Schalk Joubert op baskitaar en Ronan Skillen

op perkussie. Toast Coetzer, Nina Swart, Vicky Davis, Nicole Holm en Danie Marais was vir die sensitiewe voordrag van Breytenbach se gedigte verantwoordelik.

– **Ilza Roggeband**

# Nuwe klankwêrelde ontsluit

**Van Schubert tot Schnittke. Klassieke musiek. Fismersaal. 8 Maart.**

Hierdie konsert is tot dusver een van die mees prikkelende stukke klassieke musiek op die Woordfees. Die bedrewe violis Suzanne Martens en pianis Pieter Grobler het werke van Schubert (1797-1828), George Enescu (1881-1955) en Alfred Schnittke (1934-1998) gespeel.

Omdat die komponiste in uiteenlopende tydperke gekomponeer het, word die gehoor gedurig met nuwe musikale idees gekonfronteer. Op 'n manier tree die drie werke dan ook in gesprek met mekaar in die wyse waarop hulle hierdie musikale idees artikuleer. Schubert se “Fantasie in C majeur, D934”, is sekerlik nie een van dié komponis se opwindendste stukke nie. Daar is maar 'n eb en

vloei van emosies wat verklank word; tog het dit helder oomblikke waarin klavier en viool van die lieflikste frases het. Die ses dele van verskillende tempo's vloei ook so te sê ineen. Schnittke daarenteen praat in sy “Sonate no.3 vir Viool en Klavier” in kort afgemete frases en eerder klanke as melodieë. Met die stiltes in die musiek maak Schnittke ook musiek. Die stuk verg nogal groot konsentrasie (van die spelers én

gehoor), asook musici wat so goed op mekaar ingestel is soos Martens en Grobler. Enescu ontsluit 'n ander klankwêreld, en sy musiek is gesetel in die volkslied-idoom van sy geboorteland, Roemenië. Sy musiek is veel meer liries as Schnittke. Martens en Grobler is 'n goeie kombinasie omdat albei sterk soliste is. In veral die Schubert-werk staan klavier en viool stewig teen-

oormekaar, en die twee instrumentaliste het met hul “duet-benadering” (eerder as viool met begeleiding) vir 'n puik uitvoering gesorg. 'n Mens kon hierdie samewerking ook sien in Schnittke se sonate waarin die twee instrumente soos opponente mekaar aanpak. In die algemeen is die konsert deur goed afgeronde spel en stimulerende musiek gekenmerk. – Wayne Muller



Van links is Lizzie Rennie (altviool), Janine Neethling (klavier) en Bridget Rennie-Salonen (fluit). FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## ‘Mannetjies Bach’ val vreemd op die oor

**Trio met 'n Twist. Klassieke musiek. Fismersaal. 7 tot 8 Maart.**

*Trio met 'n Twist* het meer as net 'n twist. Soms is daar 'n vreemde kinkel in die kabel wat na kitch kan neig. Die konsep is dat die drie vriendinne, Janine Neethling (klavier), Lizzie Rennie (altviool) en Bridget Rennie-Salonen (fluit), 'n konsert wou doen. Met so 'n ongewone kombinasie van instrumente moes hulle maar musiek verwerk en aanpas om die konsertprogram vol te kry. Enkele oorspronklike werke kon hulle wel vind, en die

Suid-Afrikaner Paul Hanmer het ook spesiaal vir hulle “The last Indian café” hiervoor gekomponeer. Die vreemdste kinkel was sekerlik die een waarin die Bach-Gounod “Ave Maria” en “Stuur groete aan Mannetjies Roux” saamgeflans is in iets wat “Mannetjies Bach” genoem is. Afsonderlik sou die twee stukke as trio nogal mooi kon klink, maar dat die twee ineengevleg word, het vreemd op die oor geval. Daar is ook allerlei stukke geveg in “Afrikan Dream” (wat die tema van die tweede beweging van Rachmaninoff se “Kla-

vierkonsert no. 2” ingesluit het), “Hartland Tema & Variasies”, en die toegif van Mozart se “Eine Kleine Nachtmusik” gemeng met rugbyliedjies soos “Shosholoza”. Maar gelukkig het hierdie vreemde kinkels nie afbreuk aan die musici se spel gedoen nie. Die “Prelude Récitatif et Variations” wat Duruflé oorspronklik vir hierdie instrumentkombinasie geskryf het, is besonders gespeel. Twee verwerkings, Rimsky-Korsakov se “Vlug van die hommelmby” en Ástor Piazzolla se “Oblivion”, is knap uitgevoer en die instrumente se klankkwaliteit is treffend benut. Net so het Hanmer in sy stuk

gesorg dat klavier, fluit, piccolo en altviool in gesprek tree met mekaar – 'n gesprek waarby die luisteraar net so veel betrek word as die instrumentaliste op die verhoog. 'n Mens sou graag wou sien hoe die drie musici ander bekende werke en ligter musiek verwerk om hul instrumentkombinasie te pas, want dis van die interessantste klankontdekkings wat 'n konsert soos hierdie kan bied. Die vreemde allegaartjie kon maar agtergebly het, maar dan weer, wat is 'n konsertprogram sonder 'n twist en bietjie kitsch vir balans? – Wayne Muller

## Geboorte, dood in musieknote vervat

**4 (x vier) seisoene. Klassieke musiek. Endlersaal. 8 Maart.**

Vivaldi se *Vier Seisoene* was dit nie, maar wel 'n musikale en digterlike vergestaltung van die seisoene van die lewe. Dié musiekeuses van die Stellenbosch-jeugorkes, met onderskeidelik Stephan Bezuidenhout en Ronella van Rensburg as dirigente, was dus geïnspireer deur die simboliese seisoene – geboorte (lente), grootword (somer), oudword (herfs) en verganklikheid (winter). Vier vroue van verskillende ouderdomme het ook gedigte voorgedra met temas wat by lente, somer, herfs en winter pas. Vir 'n orkes wat uit skoolkinders bestaan, is dit bewonderenswaardig om so 'n program aan te pak. Die konsert het begin met slegs 'n paar spelers op die verhoog, en die res het ingestap namate lente in volle swang was. Met somer en herfs was daar 'n vol orkes, maar met winter aan die einde, het die orkeslede weer een vir een die verhoog verlaat. Die program het 'n groot hoeveelheid genres gedek en het verwerkings van Taylor Swift tot Astor Piazzolla ingesluit. Al die werk is entoesiasies deur die gehoor ontvang. 'n Noemenswaardige poging. – Naudé van der Merwe

## ‘Meedoënlose geweld’ in Buys só opgeteken in geskiedenisboeke

**Willem Anker: Buys. 'n Grensroman. Boekbespreking. Erfurthuis. 9 Maart.**

Coenraad Buys was 'n woestaard, 'n struikrower, moordenaar en poligamis – ook bestempel as die gevaarlikste man in die Kaapkolonie van die 1700's. Maar die geskiedenis sal hom ook onthou as 'n formidable figuur, die vader as't ware van die reënboognasie wat net swart vroue gehad het wat vir hom 'n soge-

naamde Buys-volk voortgebring het. Dit is die historiese gegewens, verweef met fiksie wat van Willem Anker se roman oor Buys 'n kragtore maak. Desmond Painter, 'n dosent in sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch wat 'n lewendige belangstelling in die literatuur het, het Anker uitgevra oor die ooglopende teenstrydighede in Buys. Enersyds was hy 'n brugbouer tussen die inheemse volke aan die

grens van die Kaapkolonie en het gereeld as tolk opgetree tussen die Kaapse goewerneurs en die stamkapteins. “Andersyds het hy mense bedrieg, verraai en teen mekaar afgespeel.” Painter wou by Anker weet of Buys 'n soort “bestaansalternatief” ondersoek. Daar is heelwat literatuur oor 'n verlies aan geborgenheid, maar in *Buys* is dit eerder 'n verlies aan vryheid wat maak dat hy uit die Kaapkolonie getrek het. “Buys het van jongs af rondge-

trek,” het Anker gesê. “Hy kon nie sy sit kry nie wat my laat dink aan die liedjie, ‘Freedom’s just another word for nothing left to lose’. Maar Buys se soeke na vryheid onder die juk en rigiditeit van die Kaapse Kolonie uit, is ook ironies, omdat hyself later deur sy plundertogte en verowering van vroue en vee 'n soort kolonialisering gepleeg het. Hy het sy Buys-volk en sy vroue met 'n soort ystervuis regeer wat op sigself 'n soort kolonie geword het.”

Die wreedheid in Buys is ook iets wat Painter aangeroer het. “Daar is meedoënlose geweld regdeur die roman en dit hou nie op nie.” Die mense wat in daardie dae op die grens bestaan en geleef het, was in 'n voortdurende toestand van post-traumatisiese stres, sê Anker. “Die meeste van die wrede tonele het ek net so uit geskiedenisboeke gekry. Dis hoe die karakter Buys sy omgewing beleef het – hond eet hond.” – Liesl Peyper



# KOEKEDOOR

ELKE DONDERDAGAAND,  
20:30



## KOEK OF TERT?



kykNET